

**13 November**

**Markus 15:21-32**

(Teks: 15:22)

### ***Die plek van teregstelling***

Golgota - kopbeenplek. Oor die naam en presies waar dit geleë is, verskil geleerdes. (Dit maak vir ons ook nie saak nie). Ons weet net dis 'n plek vir teregstelling buite Jerusalem. As ons hoor van Gulgota dan dink ons aan geen ander teregstelling nie as die van Jesus Christus. Jesus Christus aan die kruis. Gulgota is vir ons sinoniem met kruis, die vloekhout waaraan die Verlosser gehang het. Vervloek, het God gesê, is elkeen wat aan 'n hout hang.

Die vloek het 'n verwoestende uitwerking. Die lewe skrompel as gevolg daarvan weg. Die vervloekte word ten gronde gerig. Op die plek waar die vloek sy verwoestende werk verrig het Jesus gaan staan. En Hy word wat ons is deur die sonde 'n vervloekte. En Hy neem dit met al sy gevolge van ons oor. Vir Hom word Gulgota die gerigsplek onder die toorn van God. Maar van toe af sou Gulgota die seën-plek vir die mensheid word. Daar word die vloek gedra, maar ook weggedra dat ons lewe nie verder ten gronde gerig word nie, maar ten hemele.

Daarom dank ons God vir Gulgota.

Dit moet ons ook vandag in ons land onthou. As ons rondom ons kyk lyk dit so anders, op vele plekke lyk dit of die hel losgelaat is. Satan en trawante wil die geloof dat Jesus Christus die vloek weggedra het, aftakel en tot niet maak. Glo hom nie, dis wanhoops pogings. Hou vas aan die Woord. Die oorwinning is van Christus. Sy werk staan vas.

Sing Psalm 146:3

Ds. T.A. Liebenberg (Emeritus)